

Nabetragting van Sondag
Boodskap 2 Augustus 2020
Gegroet vanuit die pastorie

Maandag: Wat vandag alledaags is, was jare gelede vreemd – dink maar aan die internet of selfone. Ons werklikheid bly nuwe dinge ontbloot. Tog is daar ook grondwaarhede – dit geld oor alle tye. Om nie die grondwaarhede te lewe nie, is soos iemand wat nog met melk gevoed wil word al is hy of sy nie meer 'n baba nie. So 'n grondwaarheid is dat elkeen van ons 'n kind van God is. Nog een is dat Christus deur ons wil lewe. En ook dat ons die koninkryk van God moet bou. Ons moet hierdie waarhede uitleef anders bly ons geloof-babas.

Dinsdag: Om te ken en om te doen, is verskillende aspekte wat nie met mekaar verwar moet word nie. Baie gelowiges meen om te ken is genoeg. Nog erger is dit om te doen sonder kennis. Om hierdie slaggate te ontkom, is nodig wat Paulus in Rom 12 noem 'n nuwe lewe in Christus wat beteken dat jy moet toelaat dat God jou denke vernuwe. Die vrug hiervan is groot en is soos om van 'n wurm te verander in 'n skoenlapper – dit wat ons ken as metamorfose. Daar is geen ander manier om dit reg te kry as om God toe te laat om dit te doen deur jou denke te vernuwe nie. Met eie wysheid en in eie krag sal jy faal.

Woensdag: Waar godsdienstigheid meesal na ankers soek, vertoon die werklikheid veel eerder vleuels. Newens die bakens van die grondwaarhede, blyk meeste ander uitinge van godsdiens om aan te pas by die ontwikkelende wêreld. Eredienste is nie meer soos 50 jaar terug nie en ons insigte oor hoe God se skepping ontplooi word deesdae byna deurlopend aangepas met nuwe ontdekkings. Van die nuutste insigte wys dat daar 'n meerdere werklikheid bestaan waarvandaan die universum sy oorsprong het. Ons noem dit God. Nuwe insigte behoort mens nie af te skrik nie, maar in verwondering te laat van God se gedagtes en skeppings-babas.

Donderdag: Godsdienstigheid is besig om te verflou. Dit word vertoon in die afname van betrokkenheid in gemeente-bedrywighe.

Vele gemeentes is vinnig of stadig besig om leeg te loop. Hierteenoor is daar 'n oplewing in spiritualiteit veral onder die generasies wat gebore is in die digitale era. Daar is 'n sterk vergelyking tussen rekenaar-speletjies en hoe wetenskaplikes ontdek ons werklikheid uitspeel. Dit is weer ou nuus vir die Bybel wat in gedeeltes soos in Johannes hoofstuk 1 gewys word. Spiritualiteit is 'n meer subjektiewe beleving van 'n meerdere werklikheid.

Godsdienstigheid vertoon weer die neiging om meer en meer klem te plaas op die objektiewe. Uitsprake in die Bybel soos dat dit nie meer ons is wat lewe nie, maar Christus wat in ons lewe plaas klem op die subjektiewe insprake. Ons het 'n objektiewe werklikheid nodig om die subjektiewe te beleef en te vertoon.

Vrydag: In verduidelikings klink dit maklik abstrak en kil, maar alle insprake van God vertoon een of ander aspek van liefde. Waar alles wat bestaan gekoppel word aan Christus, word die gedagtes van God weer gekoppel aan die Heilige Gees. Om die vrug van die Gees te vertoon sou die aspekte van liefde weerspieël. Daar is 'n doel met die werklikheid wat ons so objektief ervaar. Elke mens het die onderliggende moontlikheid om deel te neem aan God se skepping. Gelowiges is die liggaam van Christus waarvan Hy self die kop is. Die hartklop is die Gees van God wat in ons werksaam is. Elke mens is uniek wat 'n verstommende bloudruk beskikbaar maak om die werklikheid beter te maak en dus God se koninkryk te bou.